Kultuurbeleid / Culture Policy

DOEL

Die doel van hierdie beleid is om:

a. Duidelike riglyne te bied waarvolgens kulturele aktiwiteite deur HMS La Rochelle aangebied word en die wyse te omskryf waarvolgens verskillende kulturele kodes bestuur sal word;
b. Te verseker dat leerders ten alle tye ’n gelyke geleentheid kry om aan die kulturele aktiwiteit van hulle keuse deel te neem, billik behandel word en hul volle potensiaal bereik;
c. Regverdigheid met betrekking tot kulturele kodes ten alle tye te bevorder.

VISIE

Die volgende visie sal in alle kultuurgebiede voor oë gehou word:

a. Die voorsiening van ’n verskeidenheid kultuurgeleenthede wat ’n wyer leerderdeelname aanmoedig en kulturele uitnemendheid bevorder, sal deur die HMS La Rochelle nagestreef word.
b. Kulturele aktiwiteite word as 'n integrale deel van die skoollewe beskou en leerders sal ten alle tye aangemoedig word om die omvang van hul talente en belangstellings te verken.

KULTUURKODES

Avanti	Buitelugklub	Dansklub	Debat	Debating
Filmklub	Fotografie	Groenkomitee	Interact	Koor & Con Spirito
Orkes	Produksies	Redenaars	Duitskomitee	Franskomitee
VCSV/SCA				

DEELNAME & KEURING

Deelname aan sport of 'n kulturele aktiwiteit word gesien as 'n vorm van ontwikkeling. Vir graad 8- en graad 9-leerders is dit dus verpligtend om aan ten minste een sport en een kulturele aktiwiteit deel te neem. Die volgende beginsels sal van toepassing wees op ouderdomsgroepering:

KLUB/DIENSKOMITEE	DEELNAME	KEURING
Buitelugklub Filmklub Fotografie Interact	Oop vir alle grade	Kwalifiseer deur deelname
Duitskomitee Franskomitee	Oop vir alle grade wat Duits/Frans as vak neem	Kwalifiseer deur deelname
VSCV/SCA Kringleiers	Oop vir alle grade Graad 11 & 12	Kwalifiseer deur deelname Aansoek en onderhoudsproses
Dansklub Koor & Con Spirito Orkes Produksies	Oop vir alle grade	Oudisies
Avanti Groenkomitee	Oop vir graad 9 tot 12 Oop vir alle grade	Aansoek- en keuringsproses
Debat Debating Redenaars	Junior: Graad 8 & 9 Senior: Graad 10 tot 12	Kwalifiseer deur deelname en prestasie

BYWONING VAN VERGADERINGS, REPETISIES EN KULTUURGELEENTHEDE

Bywoning van repetisies, vergaderings en kultuurgeleenthede is verpligtend en die volgende maatreëls sal van toepassing wees:

a. Leerders moet vroegtydig hul skakelonderwyser en/of koördineerder persoonlik of skriftelik in kennis stel indien hul nie ’n repetisie, vergadering of kultuurgeleentheid kan bywoon nie. 'n Brief van hul ouer/voog as hulle van die repetisie/kultuurgeleentheid verskoon wil word met ’n relevante rede moet ingesluit word;
b. Wanneer leerders hulself aan 'n aktiwiteit verbind, kan hulle nie sonder 'n geldige rede hulle deelname ontrek nie.

GEDRAGSKODE

Alle skakelonderwysers, koördineerders en deelnemers sal aan die gedragskode voldoen wat aan hulle toegeskryf word, naamlik:

KUNSTENAARS/DEELNEMERS:

a. Alle deelnemers moet toegewyd en betroubaar wees;
b. Goeie maniere en respek vir mede-deelnemers, die skakelonderwyser/koördineerder, teenstanders en die beoordelaar(s) is noodsaaklik;
c. Enige meningsverskil met die beoordelaar(s) kan slegs aangespreek word deur die voorsitter van die betrokke kulturele kode na afloop van die geleentheid en moet ten alle tye eers met die skakelonderwyser /koördineerder bespreek word;
d. Deelnemers moet aantrek volgens die skool se kleredragbeleid vir kultuuropvoerings en -gebeure. As deelnemers nie die korrekte klere aangetrek het nie, sal hulle nie toegelaat word om aan die geleentheid deel te neem nie;
e. GEEN kru taalgebruik of laster van mede-deelnemers, skakelonderwysers of koördineerders, teenstanders of beoordelaar(s) sal toegelaat word nie;
f. Deelnemers sal soos aangedui deur die skakelonderwyser of koördineerder vir kultuuropvoerings en -gebeure rapporteer.
g. Deelnemers wat nie aan die gedragskode voldoen nie, kan van die kultuuraktiwiteit verwyder word of hulle posisie/verantwoordelikhede by die betrokke kulturele kode verbeur en nie toegelaat word om aan verdere kulturele aktiwiteite van die skool deel te neem nie.

OUERS:

Oueronderseuning en bywoning van kulturele gebeurtenisse vorm 'n belangrike deel van die HMS La Rochelle se kulturele etos. Daar word dus van ouers verwag om:

a. Skoolaktiwiteite op 'n positiewe wyse te ondersteun;
b. Om nie kru taal te gebruik nie, in die omgewing van die kunstenaars te rook nie, die kunstenaars, skakelonderwyser of koördineerders, opponente of beoordelaars te kritiseer nie;
c. Ten alle tye goeie maniere te demonstreer.

KANALE VAN KOMMUNIKASIE

a. Leerdervoorsitter (indien van toepassing) ~ Skakelonderwyser /Koördineerder~ Kultuurorganiseerder~ Hoof van Bemarking, Sport en Kultuur ~ SBL Kulturele Verteenwoordiger ~ Skoolhoof;
b. Bekommernisse of navrae moet deur die korrekte kanale aangespreek word afhangende van die erns van die besorgdheid;
c. HMS La Rochelle streef daarna om oop kanale van kommunikasie te handhaaf waar regverdigheid aan alle deelnemers hoog geag word;
d. Uitslae van gebeure moet binne 24 uur na die gebeurtenis aan die betrokke skakelonderwyser/koördineerder gestuur word vir bekendmaking van resultate deur die hoof van daardie aktiwiteit;
e. Resultate en terugvoer van alle kultuurgeleenthede moet betyds voor kwartaallikse SBL-vergaderings aan die SBL-kultuurlid gestuur word.

KULTUUR- EN DIENSTOEKENNINGS

Die toekennings moet deeglik deur 'n Kultuur- en Dienstoekenningskomitee oorweeg en goedgekeur word. Die Kultuur- en Dienstoekenningskomitee bestaan uit die Hoof, Sport- en Kultuur prysuitdelingkoördineerder, Hoof van Bemarking, Sport en Kultuur en kultuurorganiseerder. Kultuur- en Dienstoekennings moet toegeken word ooreenkomstig met die kriteria vervat in die Personeelhandleiding- Kultuur- en Dienstoekenningskriteria. Dit moet jaarliks geassesseer en opgedateer word.

BALKIES

a. Balkiebeleide vir elke kutluurkode word deur die koördineerder opgestel en deur die kultuurorganiseerder goedgekeur en gedokumenteer;
b. Kulturele komitee- en diensklublede ontvang die balkies volgens die voorskrifte van die betrokke balkiebeleid aan die begin van hulle dienstermyn;
c. Die kulturele koördineerder is verantwoordelik om die balkies by die Hoof van Bemarking, Sport en Kultuur te bestel, af te haal, asook aan die einde van die dienstermyn in te samel;
d. Slegs Graad 12-leerders geniet die voorreg om hulle balkies te mag hou en die verantwoordelikheid berus daarbenewens by die kulturele koördineerder om balkies van alle skoolgaande leerders in te vorder;
e. Die voorsitters en kapteins sal almal teen die einde van die eerste week van kwartaal 4 die nodige balkies ontvang. Die koördineerder moet die vorm op *One Drive* voltooi.